NED. GEREF. GEMEENTE REEBOK
SONDAG, 22 NOVEMBER 2020

HIERDIE IS ONS GEBEDSGIDS VIR DIE WEEK

Baie welkom by ons eredienste vandag. Mag die Here ons saam seën rondom sy Woord.

VANDAG SE PROGRAM

09:30 Erediens: Ds Gerhard van Dyk
Skriflesing: Lukas 13: 22-30 *"Genade onbeskryflik groot!"*
Spesiale Deuroffer: Ontwikkelingsfonds
Junior kategese vir al ons kinders in graad 1 tot 6 na afloop van die erediens in die kerk.

17:00 Senior kategese in die Gemeentesentrum.

19:00 Kerssangdiens: Ds Chris de Wet
Spesiale Deuroffer: Kerkbode Kinderfonds

Ons ontvang soveel seëninge uit die hand van ons Hemelse Vader! Kom ons gee uitdrukking aan ons dankbaarheid teenoor God wat die vrygewige God is, deur ons Dankbaarheidoffergawekoevertjie gedurende erediens in November na die erediens te bring of by die kerkkantoor af te gee. Gebruik selfs 'n gewone koevert met u wyknommer en die aanduiding "Dankbaarheidoffergawe".

Die **Samuel-gebedsgroep** bid elke Sondag vanaf 08:50 in die moederskamer om die Here se seën op die erediens.

Baie welkom, alle nuwe intrekkers! Skryf asseblief julle besonderhede in die **"Nuwe Intrekkersboek"** op die tafel in die voorportaal neer.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag, 23 November 2020
18:00 Bybelskool in die kerkgebou. Ons lees Lukas 22:7 en verder.

Woensdag, 25 November 2020
18:00 Gebedsgeleentheid op die terrein waar die Klipheurwel Padstal voorheen was. Ons bid spesiaal vir die komende seisoen, die vakansieverkeer en veilige bewaring van almal wat hierheen en hiervandaan sal reis, asook vir die verkeersowerhede wat aan diens is.

Saterdag, 28 November 2020
11:00 Mini-kermis in en rondom ons kerksaal. Moet dit nie misloop nie!

VOLGENDE SONDAG, 29 NOVEMBER 2020

09:30 Informele gesinsdiens met die musiekgroep: Ds Chris de Wet
Spesiale Deuroffer: Straatwerk
Afsluiting van die Junior Kategese na afloop van die erediens. Alle ouers is baie welkom.

OMGEE VIR MEKAAR....

- **Hestel Smith**, van Reebok (R20), ontvang behandeling.
- **Mariana du Toit,** van Klein-Brakrivier (K2), sterk tuis aan na ’n operasie.
- **Vera Steyn,** van Fraai-Uitsig (F2), sterk tuis aan na ’n operasie.
- **Gert Nel,** van Klein-Brak (K1), se hand-operasie in George is met ‘n week of twee uitgestel.
- **Kobie Pretorius,** van Fraai-Uitsig (F9), sterk aan na ’n skoueroperasie**.**
- **Elfreda Appelgryn**, van Tergniet (T5), se broer sterk aan na ’n operasie in Bloemfontein.
- **Christoline Gonzalis,** van Tergniet (T5), steeds in isolasie na Chemo-behandeling.
- **Kobus Wooding,** van Reebok (R6), wat in die hospitaal aansterk na ’n operasie.
- **Andrie Wooding,** van Reebok (R6), wat seergekry toe sy onlangs geval het.

VERJAARSDAGWENSE...

Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar!
Spesiaal geluk aan:

- ***Shorty van den Heever**, van Fraai-Uitsig F5, wat vandag sy **86ste** verjaardag vier,*
- ***Willemien Conroy**, van Reebok R1, wat op die 23ste haar **83ste** verjaardag vier,*
- ***Gustaaf du Toit**, van Klein-Brakrivier K2, wat op die 23ste sy **83ste** verjaardag vier,*
- ***Danie Olivier**, van Fraai-Uitsig F4, wat op die 23ste sy **83ste** verjaardag vier en*
- ***Willie Wentzel**, van Reebok R11, wat op die 27ste sy **83ste** verjaardag vier.*

HULP MET SANITERING BY MINI-KERMIS

Ons benodig vier persone om te help met saniteringsvereistes vir die mini-kermis op Saterdag, 28 November. Help om besoekers se temperatuur te meet, hulle hande te saniteer en die bywoningsregister in te vul. As jy kan help, laat weet asseblief vir ds Gerhard of die kerkkantoore (tydens kantoorure).

MATRIEK-EINDEKSAMEN

Ons bid vir al die matrieks van 2020 tydens die matriekeindeksamen, ook hulle ouers en familie!

HELP MET VIDEO-OPNAMES VAN EREDIENSTE

Carel Engelbrecht maak sedert die hervatting van die eredienste op 27 September 2020 ‘n video-opname van elke erediens, waarna dit op You-Tube geplaas word en die skakel onder lidmate versprei word wat nie die eredienste kan bywoon nie. **Ons benodig dringend vrywilligers wat vir Carel kan help**. As jy hiermee wil hand bysit, gee asseblief jou naam by die kerkkantoor op. Die kerkraad het tydens sy vergadering die afgelope week besluit om met die opname en digitale verspreiding van die eredienste voort te gaan.

2020-VERTALING VAN DIE BYBEL

DV Sondag, 29 November 2020, is die amptelike ingebruikneming van die Nuwe-Afrikaanse Bybelvertaling, die 2020 – Vertaling. Daar is die volgende uitgawes beskikbaar:

- **Swart handeband @ R129.**
- **Bruin verwerkte leeromslag @ R329.**

Bestellings vir die 2020-Vertaling kan by die kerkkantoor geplaas word tot Vrydag, 4 Desember 2020.

REEBOK MINI-KERMIS
SATERDAG, 28 NOVEMBER 2020
VANAF 11:00

Potjiekos
Oom Awie Swanepoel met sy gedugte span gaan weer vir ons Potjiekos maak. Potjiekos op sy heel beste! Moenie dié potjie misloop nie!

Pannekoek

Heerlike Poedings!!

Jaffels

Hand- en Naaldwerktafel

Kom skerp op jou brein by die boeketafel!

Koeke en Terte te kies en te keur!!

Kindertafel!!!

Die Wit-olifanttafel gaan onder allerhande items kreun!!

PREDIKANTE INLIGTING

Ds. Gerhard van Dyk
Kontakbesonderhede: 044 696 6484 / 082 375 2944.
E-pos: gerhardvandyk@telkomsa.net
Ds Gerhard sien om na die wyke in Klein-Brakrivier, Fraai-Uitsig en die Buitewyk.

Ds. Chris de Wet
Kontakbesonderhede: 044 696 5827 / 083 631 9383.
E-pos: chrisdwet1@telkomsa.net
Ds Chris sien om na die wyke in Reebok.

Dr. Kobus van Zyl:
Kontakbesonderhede: 064 591 3676 / 066 434 4254
gebedswag7@gmail.com
Opdrag en Taak: Missionale Gebedsbediening in Afrika
Dr Kobus sien om na die wyke in Tergniet.

KERKKANTOOR INLIGTING

KANTOOR-URE
Maandag (10:00 – 12:00), Woensdag en Vrydag (08:00 – 12:00)
Impalalaan 58, Reebok. Posbus 391, Klein-Brakrivier, 6503.
Skriba/Kassier: Martina van den Berg
Tel / Faks: 044 696 6685.
E-pos: ngreebok@telkomsa.net

BANKBESONDERHEDE
ABSA, NG KERK REEBOK
REK. NR.: 404 908 7902
Indien u 'n dankofferbydrae d.m.v. debietorder of internetbankdienste gee, gee as verwysing u **van en wyksnommer**. (Bv. Meyer R4)

ORRELIS EN KOSTER
Orrelis: Hester Krige – 044 696 6594 /083 417 4002
Koster: Jurg Oosthuizen – 044 696 6176 / 082 788 9707

OPNAMES VAN PREKE
U kan CD-opnames van preke @ R10 bestel.Plaas bestellings deur die CD-koevert op die tafel in die voorportaal te voltooi en dit saam met u betaling in die posbussie te gooi.
Die datum van die preek is baie belangrik.
Vir enige navrae, **kontak vir Frik Nel (044 696 5947)**

WEBWERF : www.ngkreebok.co.za
Gaan besoek ons gemeente se webwerf en volg die skakels om weekliks Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang.
Vir navrae kontak vir Klaus Oellrich by klaus@omnivision.co.za